



2 April 2020

2020 #9

## Liewe SUT Gemeenskap

Ons het pas die eerste week van die nasionale inperkingsbevel wat op 23 Maart 2020 deur President Cyril Ramaphosa aangekondig is, en wat om middernag op 26 Maart 2020 in werking getree het, beleef. In vele opsigte is dit 'n eerste vir Suid-Afrika. Ons moet nie net by 'n nuwe "normaal" aanpas nie, maar moet ook verskeie scenarios vir die tydperk na die inperkingsbevel antisipeer. Sulke grootskaalse verandering en onsekerheid het 'n blywende effek op gemeenskappe, en dus moedig ons julle aan om in verbinding en ingelig te bly. Saam kan ons veerkragtigheid vir enige tipe toekoms ontwikkel.

### In hierdie verband wil ons graag die volgende belangrike inligting uitlig, en julle gerusstel wat sommige van jul bekommernisse betref:

- ❖ Ons wil beklemtoon hoe belangrik dit is om by die regeringsregulasies te hou. Die beste manier om juisself en ander te beskerm, en om die nadelige effek van COVID-19 fisies, geestelik, sosiaal en ekonomies te minimaliseer, is om al die maatreëls wat in plek gestel is om die effektiwiteit van die inperkingsbevel te maksimaliseer, na te kom.
- ❖ Hoe gouer ons daarin slaag om die infesiekurwe af te plat, hoe beter vir almal. Ons is oortuig daarvan dat julle die regering se maatreëls ten volle ondersteun, en dat julle diegene rondom julle voortdurend aanmoedig om die regulasies wat in plek gestel is, na te kom.
- ❖ Soos voorheen gekommunikeer, sal alle SUT akademiese aktiwiteite en lesings op 20 April 2020 hervat word. Afhangende van die omstandighede, sal akademiese projekte en aktiwiteite onderskeidelik óf aanlyn, en/of persoonlik aangebied word. Ons aangewese spanne, onder leiding van die Adjunkvisekanselier: Onderwys en Leer, werk hard om voor te berei vir 20 April 2020, ongeag van die vorm waarin ons akademiese aktiwiteite hervat sal word. Verdere inligting in hierdie verband sal gedurende die week van 13 April 2020 gekommunikeer word. Ons akademiese en ondersteuningsdienspersoneel moet die inperkingstydperk kapitaliseer, en van die tyd gebruik maak om hul vaardighede op te knap ten einde hulself vir aanlyn-aanbieding voor te berei.
- ❖ Ons is bewus daarvan dat nie al ons studente ewe toegerus is om toegang tot aanlyn-leer te verkry nie. Na aanleiding van 'n ooreenkoms wat tussen Telkom en SUT aangegaan is om nulkoers data op al ons BAs in werking te stel, kan julle gratis toegang tot *eThutho* verkry via [www.cut.ac.za](http://www.cut.ac.za). Ons het soortgelyke versoeke aan Vodacom, Cell C en MTN gerig, en wag tans vir hul terugvoer. Verdere inligting met betrekking tot ondersteuning ten opsigte van gratis aanlyn toegang sal binnekort gekommunikeer word.
- ❖ Besoek gerus die SUT inligtingsentrum oor die Koronavirus by <https://www.cut.ac.za/coronavirus> vir gereelde opgedateerde inligting, asook om alle vorige kommuniqués en ander verbandhoudende inligting te verkry.

### Ons wil julle aanmoedig om die volgende te doen ten einde fisies en geestelik fiks te bly gedurende hierdie uitdagende tye:

- ❖ **Behou kontak:** Moenie kontak met andere verloor nie. Reik uit na vriende en familie deur middel van 'n telefoonoproep of boodskap. Groet jou bure en vind uit hoe dit met hulle gaan, terwyl jy terselfdertyd die veiligheidsprotokol nakom.
- ❖ **Skakel af:** Wees selektief rakende die media wat jy inneem. Volg amptelike platforms, en weerhou juisself daarvan om vals nuus te verprei en/of in te neem.

- ❖ **Neem een dag op 'n slag:** Niemand van ons weet wat môre gaan inhou nie. Kom ons fokus daarop om vandag die beste te doen wat ons kan doen.
- ❖ **Skep roetine:** Roetine laat jou veilig en doelgerig voel. Staan elke oggend op dieselfde tyd op, trek aan, en voltooi die take op jou taaklys.
- ❖ **Vermy uitbranding:** Moenie so besig wees dat jy uitbrand nie. Bly binne jou beperkings. Spanning het 'n negatiewe uitwerking op jou immuunstelsel, wat jou vir enige siekte vatbaar maak.
- ❖ **Versorg jou liggaam:** Hou by jou bekende dieet, en bly aktief. Jy het slegs 'n klein spasioe nodig om basiese oefeninge te doen.
- ❖ **Sien om na jou gemoed:** Vul die goeie nuus aan, en wees op die uitkyk vir positiewe dinge wat uit jou situasie kan spruit.
- ❖ **Help ander:** Deel hulpbronne, wees goehartig, bel of stuur 'n boodskap. Om ander van diens te wees en te help waar jy kan, sal jou help om doelgerigtheid te herwin.

Bykomend tot die bogenoemde, is CareWays se dienste rondom enige welstandsverwante sake, insluitende emosionele en sielkundige welstand, familie- en sosiale lewe, werksverwante sake en fisiese welstand, beskikbaar aan ons personeel en die afhanklikes in hul huishouding. Skakel hulle by 0800 004 770, [care@carewaysgroup.com](mailto:care@carewaysgroup.com) of [ewp@carewaysgroup.com](mailto:ewp@carewaysgroup.com), of stuur 'n SMS met jou naam na 31581. Studente word aangeraai om ER24 by 084124, of die Welstandsentrum te skakel indien julle enige emosionele ondersteuning benodig. Raadpleeg asseblief die SUT StuComm Toepassing vir verdere relevante inligting.

Almal word op een of ander wyse deur die COVID-19 pandemie geraak. Die fisiese, geestelike, sosiale en ekonomiese impak daarvan word wêreldwyd ervaar, en sal ons vir 'n lang tyd bybly. Ons betoon ons innige simpatie aan diegene wat geliefdes verloor het, of wat self 'n stryd teen die virus stry, of moes stry. Ons harte gaan ook uit na eensames in inperking wat geen menslike kontak of ondersteuning het nie, asook aan alle entrepreneurs en besigheidseienaars wat hul lewensonderhoud verloor het, of wat sukkel om kop bo water te hou. Ons, as die SUT gemeenskap, is daaraan toegewy om verantwoordelike burgers te wees wat ons deel doen om hierdie pandemie te bestry.

Ons is bevoorreg om deel te wees van verskeie oplossingsprogramme. Die Sentrum vir Snelprototipering en -vervaardiging (SSPV), die Produktontwikkeling-tegnologiestasie (POTS), die Sentrum vir Kwaliteitgesondheid en -lewe (SKGL), SUT Innoveringsdienste (SUTID) en die Sentrum vir Toegepaste Voedselsekuriteit en Biotegnologie (STVSB) is tans saam met die regering betrokke by verskeie prosesse aangaande die uitdagings wat met COVID-19 verband hou. SUT, as 'n gemeenskap wat verder dink, sal aanhou om geleenthede te soek om bystand te lewer.

Te midde van die COVID-19 krisis, is ons seker dat, net soos SUT, ander hoëronderwysinstellings bewus is van die geleenthede wat aan ons gebied word rakende die akademiese inskakeling van ons studente, wat deel van die Generasie Z en Alfa kohort vorm. Dit is teen hierdie agtergrond dat SUT se hoogs ervare en gekwalifiseerde personeel onvermoeibaar en ononderbroke werk om SUT 'n gesogte universiteit vir tegnologie te maak, deur ons Generasie Z en Alfa voor te berei vir toekomstige werk deur middel van innovering en ons verskeie beoogde aanbiedingsmetodes.

Mag julle almal geseënd wees! May you all be blessed! E se e ka Ramasedi a ka le hlohonolofatsa!

**Prof. Henk de Jager**  
Visekanselier en Rektor